# PASTORALE BRIEF

# AUGUSTUS 2023

## UNIEKE VREDE

"Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort vrede wat die wêreld gee nie." Johannes 14:27.

Ons almal smag na vrede – veral omdat dit in ons wêreld so 'n skaars artikel is. En dan praat ek nou nie eers van vreeslike oorloë en bloedvergieting, soos wat nou weer in die Oekraïene aan die gang is nie. Dink maar net hoe min mense ken jy van wie jy regtig kan sê dat daar vrede uit hulle straal. Jy kan hulle op die vingers van een hand tel!

Nou kom sê Jesus hier vir ons dat dit is hoekom Hy aarde toe gekom het – Hy het vir ons vrede kom gee. Maar jy moet weet dat Jesus se vrede uniek is. Dis totaal anders as enige ander "vrede " wat jy ken. 'n Dosent op kweekskool vir wie ek eindelose respek gehad het, het eenmaal gesê: "Jesus se vrede staan nie direk teenoor ons onvrede nie. Dit staan ook direk teenoor ons vrede!" Dis 'n unieke wonder...

God se vrede is nie die afwesigheid van konflik nie. God se vrede is heel-heid. Dit heers waar God dit wat stukkend is, herstel het. Daar waar ek en jy nie meer self in beheer is nie – daar dra sy Gees dit as deel van die vrug van die Gees. Daarom is daar geen rede hoekom hierdie vrede nie uit jóú kan straal nie. Jesus het daarvoor gesorg, en die Gees wil dit in jou kweek. Gee Hom kans!

Sjalom vir jou...